DIE INTELLIGENTE KEUSE
INHEEMS, POENA, PROFYT

THE INTELLIGENT CHOICE
INDIGENOUS, POLLED, PROFIT


TULI

**Cattle Breeders' Society of SA ·**
**Bees Telersgenootskap van SA .**

PO Box / Posbus 506
Henry str 118
Bloemfontein, 9300

Tel: (051) 4100958
Fax: (086) 218 8246
E-mail: liezel@studbook.co.za
Web: www.tulicattle.co.za


16/07/2013

## FINALE KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING
## FINAL NOTICE OF ANNUAL GENERAL MEETING

OP/ON: 16 Augustus 2013

PLEK/VENUE: SUMMERWOOD COUNTRY ESTATES
BLOEMFONTEIN

TYD/TIME: 10:00

## JAAREINDFUNKSIE / YEAR-END FUNCTION

OP/ON: 16 Augustus 2013

PLEK/VENUE: SUMMERWOOD COUNTRY ESTATES
BLOEMFONTEIN

TYD/TIME: 18:30 – 19:00

**GPS Coordinates – Summerwood Country Estates**
E 26° 12' 54.1872" (Longitude)
S 29° 0' 17.1174" (Latitude)

Vriendelike Groete/Kind regards,

**Liezel Grobler**
**Sekretaresse/Secretary**

# TULI BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SA
# TULI CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA

**Agenda vir die Algemene Jaarvergadering gehou by SummerWood Country Estate, BLOEMFONTEIN op 16 Augustus 2013 om 10:00**
**Agenda for the Annual General Meeting held at SummerWood Country Estate, BLOEMFONTEIN, on 16 August 2013 at 10:00.**

---

1. **OPENING EN VERWELKOMING / OPENING AND WELCOME**
   ........................................................................................................................................

2. **KENNISGEWING, BYWONINGSREGISTER EN VERSKONINGS VIR AFWESIGHEID / NOTICE OF MEETING, ATTENDANCE REGISTER AND APOLOGIES FOR ABSENCE**

   **Verskoning/Apologies**
   Edie Galpin
   Paul Smit
   ........................................................................................................................................

2.1 **Mosie van rou**
   Julie Galpin van Eenennaam
   Arthur Mullins
   ........................................................................................................................................

3. **GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 27 MAART 2012 /APPROVAL OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING ON 27 MARCH 2012.**
   ........................................................................................................................................

4. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE / MATTERS ARISING FROM MINUTES**

4.1 ........................................................................................................................................

5. **BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA / ADDITIONS TO THE AGENDA**
   **Sien Punt 7 op die agenda / See item 7 on the agenda**

6. **NUWE SAKE / NEW BUSINESS**

6.1 **Portefeuljes Verslae:**

6.1.1 **Presidents Verlsag / President's Report** – AJ van Rijswijk
   ........................................................................................................................................

6.1.2 **Tesouriers Verslag / Treasurer's Report** – Alwyn Marx
   ........................................................................................................................................

6.1.3 **Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële state jaar einde 30 Junie 2013 / Approval of Annual Financial Statements Year end 30 June 2013**
   ........................................................................................................................................

6.1.4 **Aanstel van Ouditeure/ Appointment of Auditor**
   ........................................................................................................................................

6.1.5 **Verslag deur Promosie & Bemarkings komitee/ Report by Promotion & Marketing committee**

**- Joernaal en Algemene Bemarking – Chris Hobson**
………………………………………………………………………………………………………

**- Nampo – Werner Gouws**
………………………………………………………………………………………………………

6.1.6 **Verslag deur Rasadviseurende komitee /**
**Report by Breed advisory committee -** Dave Mullins
………………………………………………………………………………………………………

6.1.7 **Verslag deur Grondwet komitee / Report by Constitution committee -** A Rautenbach
………………………………………………………………………………………………………

6.1.8 **Verslag deur Stamboek komitee / Report by Studbook committe – AJ van Rijswijk**
………………………………………………………………………………………………………

6.2 **Veilingsdatums / Sale Dates**
Noordelike Tuli Klub Veiling – 10/09/2013 te Warmbad
Glen Heath Tuli's – 26/09/2013
Midland Tuli's – 27/09/2013
HBH Tuli's – 09/10/2013
Alpha & Omega – 10/10/2013
Cawthorn Tuli's – 16/10/2013
Go West Tuli's – 17/10/2013
Pavo Tuli's – 2014
Dreto – 2014
………………………………………………………………………………………………

7. **BYVOEGINGS / ADDITIONS**

7.1 Keurders en Keurings met verwysing na 'n keurder wat net elke 2 jaar kan keur – Callie Barnard
………………………………………………………………………………………………………

7.2 Samestelling van die Raad meer op Streeksvlak – Callie Barnard
………………………………………………………………………………………………………

7.3 Alle bulle wat op 'n veiling te koop aangebied word moet 'n DNS nommer hê en vaderskap moet bevestig wees – Bossie Coetzer
………………………………………………………………………………………………………

7.4 Lede met minder as 10 beeste – stemreg of nie – Bossie Coetzer
………………………………………………………………………………………………………

7.5 Slegs goedgekeurde SP en B bulle mag op veilings verkoop word – Bossie Coetzer
………………………………………………………………………………………………………

7.6 Bulle eers op 3 jaar gekeur – Bossie Coetzer
………………………………………………………………………………………………………

7.7 Hulp program vir die opteel van Tuli's – Aanhangsel A & B – Bossie Coetzer
'n vergunning van basis diere om goedkoper per kapita te betaal
Basis diere 20% – R10-00
A-diere 50% – R25-00
B-diere 100% – R50-00
SP-diere 100% – R50-00
..........................................................................................................................................

7.8 ..........................................................................................................................................

8. **GRONDWETWYSIGINGS**

8.1 10.3.1 'n Algemene vergadering van die Genootskap wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering word een keer in 'n finansiële jaar, nie later nie as ~~nege~~ ses maande na die einde van die finansiële jaar, gehou op so 'n tyd en plek as wat die Raad mag bepaal.

10.3.1 A general meeting of the Society to be known as the Annual General Meeting shall be held once a year at such time and place as may be determined by Council, but not later than ~~nine~~ six months after the end of the financial year
..................................................................................................................................

8.2 **Verandering van Basis diere en A diere**

**1.2. Basiese Register**

1.2.1 'n Basis dier moet 'n SP pa/ma uit enige bul/koei hê, en moet Tuli tipies wees. Vroulike diere wat aan die minimum rasstandaard voldoen, asook genotipies *cum* fenotipies 'n Tuli is, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir aantekening in die Basiese Register.

1.2.2 Uitsondering: Waar daar vir 'n aantal jare slegs van geregistreerde Tuli bulle binne 'n kommersiële kudde gebruik gemaak is, sal die vroulike nageslag, nadat dit deur Inspekteurs van die Genootskap geïnspekteer en goedgekeur is deur die Raad, vir registrasie in die Basiese Register van die Kuddeboek in aanmerking kom.

1.3 **Hulpstamboek Afdeling**

**1.3.1 Hulpstamboek A**

1.3.1.1 Aanhangsel A diere moet uit 'n SP bul kom. Enige vroulike dier wat uit 'n kudde kom waarvan die teler 'n bevredigende verslag van afstamming aan die Raad kan verstrek en wat aan die minimum rasstandaard voldoen, asook genotipies *cum* fenotipies 'n Tuli is, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling van die Kuddeboek in aanmerking kom: **Op voorwaarde dat sy verwek is deur 'n volgeregistreerde bul, wat reeds goedgekeur is.** Nageslag van veelvuldige vader-parings sal slegs in aanmerking kom waar ouerskap deur 'n erkende DNS-toets bevestig word. Die ouerskap van Nie vir Registrasie-diere sal aanvaar word mits dit deur DNS-toetse bepaal is en dit binne ses maande na geboorte ingedien is.

1.3.1.2 Die vroulike nageslag van 'n Basiese vroulike dier en 'n volgeregistreerde bul wat voldoen aan die minimum rasstandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.

**1.3.2 Hulpstamboek B**

Aanhangsel B diere moet uit 'n SP bul kom. Die nageslag van 'n Hulpstamboek A vroulike dier en 'n Volgeregistreerde bul wat reeds goedgekeur is en wat aan die minimum ras- en prestasiestandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie voldoen, sal in aanmerking kom vir registrasie in die Hulpstamboek B afdeling van die Kuddeboek.

.......................................................................................................................................

1.2 Produksieaantekeninge is verpligtend vanaf 1 Jul 2013 en sal n voorvereiste wees vir die goedkeur van diere vanaf 1 Jan 2015. Slegs Basis diere hoef nie produksie data te hê om goedgekeur te word nie.

.......................................................................................................................................

1.3 Alle stoetvaars moet oor ‘n DNS profiel beskik en teenoor hul eie vaars se DNS vergelyk word.

.......................................................................................................................................

1.4 LNR veranderinge

[In hakkies] = Skrap
**Onderstreep** = **Invoeging**

**WYSIGINGS AAN KONSTITUSIE**
**TULI BEESTELERSGENOOTSKAP VAN S A**

Tydens 'n Algemene Jaarvergadering van die Tuli Beestelersgenootskap van S A gehou op 27 Maart 2012 was dit eenparig deur die lede, wat teenwoordig en stemgeregtig is, aanvaar dat die grondwet as volg gewysig word:

**NUWE VERORDENING 12.1.1**
Dat ‘n nuwe Verordening 12.1.1 ingevoeg word:

12.1.1 Pretasie Toetsing
Prestasie toetsing sal verpligtend wees vanaf 01/07/2013.

**AANBEVELING**
Dit word aanbeveel dat die invoeging van Verordening 12.1.1 met betrekking Pretasietoetsing, ingevoeg word as Verordening 11.1.1 (b) en dat die huidige Verordening 11.1.1 hernommer word as Verordening 11.1.1(a):

**11. VEREISTES VIR AANTEKENING OF REGISTRASIE**

**11.1 Algemeen**

11.1.1 **(a)** Inspeksie is ‘n voorvereiste vir die aantekening of registrasie van Suid-Afrikaansgeteelde of ingevoerde diere en behalwe deur spesiale goedkeuring van die Raad of in die geval van bulle wat ‘n fase C of D toets voltooi het, sal geen dier onder die ouderdom van 12 maande aangeteken of geregistreer word nie.

**(b) Produksie-aantekening**
**Produksie-aantekening sal vanaf 1 Julie 2013 verpligtend wees.**

---

## VERDERE AANBEVELINGS

**DEFINISIE (p)**

~~(p) [‘prestasie’, die groei- en produksieprestasie, reproduksie en/of funksie;]~~

**(p) ‘produksie’, die groei- en produksie-aantekening, reproduksie en/of funksie;**

**KLOUSULES 2.1(d) EN (j) (DOELSTELLINGS)**

2.1 Onderhewig aan die bepalings van die Wet en hierdie Grondwet is die doelstellings van die Genootskap –

(d) om rasstandaarde wat gebaseer is op [~~prestasietoets~~]**produksie-aantekening**rekords en visuele inspeksie vir genetiese afwykings en bouvorm op te stel en te handhaaf in so verre dit verwant is aan funksionele doeltreffendheid. Vir hierdie doel sal alle [~~prestasie~~]**prodksie**data aan die Raad, inspekteurs en subkomitees beskikbaar gestel word;

(j) [~~**om prestasiedata van lede wat aan die Nasionale Vleisbees-verbeteringskema deelneem, onder-hewig aan die voorwaar-des soos deur die Bestuurskomitee (Inco 2000) van die Geïntegreerde Registrasie en Genetiese Inligtingstelsel (Intergis 2000), bepaal mag word, aan te vra. Die Genootskap onderneem dat die data nie tot nadeel van ‘n lid, of lede of Intergis 2000 aangewend sal word nie en dat verdere verwerking van sodanige data nie tot nadeel van, of strydig met die vereistes en bepalings van die gemelde skema sal wees nie.**~~]

**om produksiedata van lede verbonde aan die Vleisbeesproduksie-aantekeningskema op versoek van die genootskap en onderworpe aan die voorwaardes wat deur Stamboek voorgeskryf mag word, aan die Genootskap beskikbaar te stel: Met dien verstande dat die genootskap sodanige data nie tot die nadeel van enige lid, of lede, of Stamboek sal aanwend nie en dat die verdere verwerking van die data nie tot die nadeel van die oogmerke van die Vleisbeesproduksie-aantekeningskema sal wees nie.**

**KLOUSULE 8.3.1, 8.3.2 EN 8.3.3**

8.3 **Addisionele Raadslede**
Benewens die sewe verkose lede mag daar ook die volgende persone wees wat op die Raad mag dien –

~~**8.3.1**~~ **[**~~**Verteenwoordiger van die Landbounavorsingsraad Lewendehawe Besigheidsafdeling**~~

~~Sodanige lid mag na oorlegpleging met die Direkteur van die LNR Lewendehawe Besigheidsafdeling op die Raad gekoöpteer word in ‘n~~

~~adviserende hoedanigheid met die reg om alle vergaderings by te woon, maar sonder stemreg.]~~

8.3.**1** **Lewenslange Ere Vise-President**
Vir uitsonderlike dienste aan die ras mag persone op aanbeveling van die Raad by 'n Algemene Jaarvergadering tot Lewenslange Ere Vise-President verkies word: Met dien verstande dat sodanige aanbeveling deur ten minste driekwart van die lede op die Algemene Jaarvergadering goedgekeur word. Sodanige persoon sal 'n *ex officio* lid van die Raad wees sonder stemreg.

8.3.**2** **Die Bestuurder**
Die Bestuurder, of in sy afwesigheid 'n ander senior amptenaar van die Genootskap, wat alle vergaderings van die Genootskap sal bywoon en die reg het om aan besprekings deel te neem, maar egter nie stemreg sal hê nie.

**KLOUSULE 11.5 (FlNANSlëLE BEPALINGS)**

11.5 Die inkomste en besittings van die Genootskap, uit watter bron ookal ontvang, **insluitende profyte en winste,** sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die Genootskap en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die Genootskap is of was nie: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die betaling in goeder trou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Genootskap gelewer is, kan verhoed nie.

**KLOUSULE 14.3 (GRONDWETLIKE WYSIGINGS)**

**14.3 'n Gewysigde Grondwet moet na elke wysiging aan die Suid Afrikaanse Inkomstediens gestuur word.**

**VERORDENING 1.4**

**1.4 Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek (SP)**
Vir hierdie Afdeling van die Kuddeboek kom die volgende diere, indien hulle voldoen aan die minimum ras- en [~~**prestasie**~~]**produksie**standaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie, in aanmerking vir registrasie –

(a) Alle nageslag van Hulpstamboek B-koeie x Volgeregistreerde bulle wat reeds goedgekeur is.
(b) Alle nageslag van Hulpstamboek B-bulle x Volgeregistreerde koeie wat reeds goedgekeur is.
(c) Alle nageslag van Volgeregistreerde diere wat reeds goedgekeur is.

**VERORDENING 3.7 (IDENTIFIKASIE)**

3.7 Behalwe vir die moontlike verpligte merk/brand van diere soos bepaal deur wetgewing of die vrywillige merk/brand van diere geregistreer in die Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek met die geregistreerde (brand) merk van die Vereniging, of soos voorgeskryf deur die [~~**Nasionale Vleisbeesverbeteringskema**~~] **Vleisbeesproduksie-aantekeningskema**, is die aanbring van enige ander brand hoegenaamd, deur die teler of eienaar of sy agent, streng verbode en die aantekening- en/of registrasiesertifikaat van enige dier so gemerk sal gekanselleer word.

**VERORDENING 5.1.4**

5.1 **Dekking- of Insemineringsertifikate**

5.1.4 Veelvuldige vaderparings is toelaatbaar. Slegs Volgeregistreerde bulle wat reeds goedgekeur is mag vir veelvuldige vaderparings gebruik word. Die nageslag verwek deur veelvuldige vaderparings sal slegs in aanmerking kom vir **aantekening of** registrasie in die Kuddeboek na die vaderskap bevestig is deur ‘n DNS-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode om ouerskap te bevestig.

**VERORDENING 11.1.1(a)**

**11. VEREISTES VIR AANTEKENING OF REGISTRASIE**

**11.1 Algemeen**

11.1.1 **(a)** Inspeksie is ‘n voorvereiste vir die aantekening of registrasie van Suid-Afrikaansgeteelde of ingevoerde diere en behalwe deur spesiale goedkeuring van die Raad of in die geval van bulle wat ‘n [~~**fase C of D**~~] **goedgekeurde groei**toets voltooi het, sal geen dier onder die ouderdom van 12 maande aangeteken of geregistreer word nie.

**VERORDENINGE 12.1 EN 12.2.3**

**12. INSPEKSIE EN [~~PRESTASIE~~]PRODUKSIEVEREISTES**

12.1 **Minimum Standaarde**

Minimum inspeksie- en [~~**prestasie**~~]**produksie**standaarde, as voorvereiste vir aantekening en registrasie, sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.

12.2 **Inspeksie en Pligte van Inspekteurs**

12.2.3 Dit is verpligtend dat ‘n teler tydens besoek van die inspekteur alle diere van die betrokke groep en wat aan die volgende minimum ouderdom vereistes voldoen voor die inspekteur te bring vir keuring.

Bulle - Minimum ouderdom 12 maande, behalwe bulle wat ‘n [~~**fase C of D**~~] **goedgekeurde groei**toets voltooi het en na voltooiing van die toets gekeur moet word.

Vers - Minimum ouderdom 12 maande.

Die inspekteur het die mag om na eie oordeel enige dier oor te hou vir inspeksie tydens die volgende besoek. By keuring kan ‘n dier goedgekeur, afgekeur of afgegradeer word.

**VERORDENING 13.1 (AANTEKENING- OF REGISTRASIESERTIFIKATE)**

13.1 **Oorspronklike Sertifikate**

Aantekening- en registrasiesertifikate wat ten opsigte van diere uitgereik word wat aan die inspeksie- en [~~**prestasie**~~]**produksie**vereistes in terme van Verordening 12 voldoen, sal in die formaat wees soos deur die Vereniging en die Genootskap ooreengekom en sal gemete [~~**prestasie**~~]**produksie-**gegewens, soos behaal in terme van die reëls van die [~~**Nasionale Prestasie-toetsskema**~~]**Vleisbeesproduksie-aantekeningskema**, bevat.

**VERORDENING 16.2 (INVOER EN UITVOER VAN DIERE, SEMEN EN EISELLE)**

16.2 Die Raad sal minimum [~~**prestasie**~~]**produksie**- en ander vereistes vir die invoer en uitvoer van diere, semen en eiselle ooreenkomstig Klousule 9(y) van die Grondwet bepaal en geen sodanige invoer of uitvoer sal deur die Genootskap by die Registrateur aanbeveel word, tensy aan al die genoemde vereistes voldoen is nie.

..........................................................................................................................................

**2 VERKIESING VAN RAADSLEDE / ELECTION OF COUNCIL MEMBERS**

..................................................................................................................................

**3 BENOEMING VAN SA STAMBOEK VERTEENWOORDIGER / APPOINTMENT OF SA STUDBOOK REPRESENTATIVE**

....................................................................................................................................

**4 DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING / DATE OF NEXT MEETING**

......................................................................................................................................

**5 AFSLUITING / CLOSURE**

......................................................................................................................................

*TULI BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SA / TULI CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA*

# *Konsep notule vir die 17de Algemene Jaarvergadering gehou by die SummerWood Country Estate, BLOEMFONTEIN op Dinsdag 27 Maart 2012 om 09:00*

## Concept minutes for the 17th Annual General Meeting held at the SummerWood Country Estate, BLOEMFONTEIN, on Tuesday 27th March, 2012 at 09:00.

**Teenwoordig/*Present***

Allan & Maryann Fanner
Edie & Doug Galpin
Giel van Niekerk
Chris Hobson
Werner Gouws
Bossie Coetzer
Albie Rautenbach
Cornelis Rautenbach
Jannie de Villiers
Leslie Cook
Ben Raath
Stephan Welz
Carmen Welz
Leon Groenewald
Dave Cawthorn
Arthur Schulze
Jenny Kettlewell
Cheryl Cawthorn
Casper Kriel
Koot van der Walt
William Biggs
Dave Mullins
Gordon Gilfillan
Lizette Vermaak
Edward Clark
Russell Clark
Frans Burger
AJ van Rijswijk
Liezel Grobler
Dr P van Rooyen
Chris Els

1. **Opening en Verwelkoming / Opening and Welcome**
   Mnr van Rijswijk verwelkom almal teenwoordig. Mnr Hobson open met gebed.

*Mr van Rijswijk welcomed members present; where after Mr Hobson opened the meeting by prayer.*

2. **Kennisgewing, bywoningsregister en verskonings vir afwesigheid / Notice of meeting, attendance register and apologies for absence**
   Die kennisgewing van die vergadering was betyds uitgestuur. Die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. Die bywoningsregister word onderteken.

*The notice of the meeting was sent out in time and the meeting thus declared as properly constituted. The attendance register was duly signed.*

Verskoning vir afwesigheid word vir die volgende lede aangebied en aanvaar:
*Apologies for absence were received from the under mentioned members and leave of absence granted.*

Thinus en C Momberg
Christo Botha
PW en Babara Michau
Nellie en Vincent Beukes
Dirk de Waal
David McEwan
Alwyn Marx
Francois Brink
Hendrik Verwoerd
Hennie Bisley
Mnr Swart
AB Mokhele
H Eksteen
Niel Rossouw
CR Scheepers
Mainsheard
Wilna Ackhurst
Ben Rossouw

**a.** Dr Pierre van Rooyen – SA Stamboek en die pad voorentoe /*Dr Pierre van Rooyen –SA Stud Book*

Dr van Rooyen noem dat dit baie goed gaan met SA Stamboek en dat lede nie rede tot kommer hoef te hê nie. Mnr Gouws doen navraag rondom Fase D. Dr van Rooyen noem dat 9 beamptes in verskillende streke aangestel is wat gekontak kan word om fase D toetsing te bespreek. Hy versoek ook dat die inligting van Fase D's wat deur die LNR afgesluit is na Stamboek gestuur moet word sodat dit op die stelsel aangebring kan word. Hy noem dat daar 'n paar privaat toets-stasies is wat Fase C toetsing doen, alhoewel daar steeds 'n goeie verhouding met die amptelike stasies is. Hulle is steeds bereid om 'n diens te verskaf, die lid betaal vir 'n diens en stuur die inligting na Stamboek. Dr van Rooyen noem dat die LNR nie 'n registrasie owerheid is nie en dus nie diere kan registreer nie. Mnr Hobson stel voor dat geen geboorte aanmeldingssertifkate aan lede gestuur word nie, slegs 'n geboorte aanmeldings lys. Mev Welz noem dat daar in die verlede al besluit was dat slegs registrasie sertifikate aan lede gepos word. Mev Galpin noem dat dit 'n plesier is om met Logix te werk. Mnr Clark bedank dr van Rooyen namens die Tuli Telersgenootskap vir al hul harde werk.

*Dr van Rooyen said that SA Stud Book is doing well and breeders have no reason for stress. Mr Gouws asked what the position was regarding Phase D tests. Dr van Rooyen replied that 9 officials were appointed in the different regions to attend to the tests and may be contacted. Dr van Rooyen requested the ARC officials to where Phase D tests were completed to submit the information to Stud Book for verification. He also mentioned that a number of private testing stations were doing the Phase C tests yet there was no problem with the relationship with the ARC with the official stations still doing the necessary. The member pays for services rendered and the information is then sent to Stud Book. He also mentioned that the ARC is not a registration organisation and can thus not register animals. Mr Hobson requested that no birth certificates be issued and be replaced by birth recording lists. Mrs Welz said that it had been ruled that only registration certificates be posted to members. Mrs Galpin said that it was a pleasure to work in Logix. Mr Clark thanked Dr van Rooyen and staff on behalf of the Tuli Society for the hard work.*

**b.** Lizette Vermaak

Mnr Hobson stel Lizette voor aan die lede. Lizette noem dat sy 'n onafhanklike bemarkingskonsultant is en eers betrokke gaan wees by die joernaal, klere, plaasnaamborde en deurmagnete. Sy noem dat die telers haar gerus kan kontak by 082 412 2868 indien hulle enige iets benodig.

*Mr Hobson introduced Lizette to the members. Lizette said that at present she will be acting as an independent marketing consultant who will be involved with the journal, promotional clothing, farm sign boards and door magnets. Members must feel free to contact her at 082 412 2868.*

**3. Goedkeuring van die notule van vorige vergadering gehou op 29 Maart 2011**
**Approval of the minutes of the previous meeting on 29 March 2011.**

Die notule word as gelese beskou en na die nodige regstellings goedgekeur. Voorgestel mnr Biggs, gesekondeer Mnr Hobson.

*The minutes as circulated was taken as read and approved after the necessary corrections were made. Proposed by Mr Biggs and seconded by Mr Hobson.*

**4. Sake voortspruitend uit die notule / Matters arising from minutes**

Punt 6.1.8 – Mev Welz noem dat die Engelse Grondwet nie outentiek is nie, en slegs as 'n hulpmiddel deur Engelse lede gebruik moet word. Sy noem dat heelwat veranderinge aan die Grondwet gedoen moet word onder andere mbt "LNR, Minister, definisies ens.". Dr van Rooyen noem dat Stamboek daarmee kan help en stel voor dat die verandering so neutraal as moontlik gehou moet word.

*Item 6.1.8- Mrs Welz advised that the English version of the Constitution is not authentic and must only be regarded as an aid to English speaking members. She also said that a number of amendments need attention such as "ARC, Minister, definitions etc." Dr van Rooyen said Stud Book would be able to assist. He suggested neutral changes where possible.*

**a.** Punt 6.6 – Mnr Welz is ongelukkig dat die Raad nie hierdie punt uitgevoer het nie. Mnr van Rijswijk noem dat die inspeksielys wel vereenvoudig is. Mev Welz versoek dat lede ingelig moet word.

*Item 6.6-Mr Welz was perturbed as it seemed as though Council had not attended to this matter. Mr van Rijswijk however said that the inspection list had been simplified. Mrs. Welz asked that members be advised accordingly.*

**5. BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA / ADDITIONS TO THE AGENDA**

**Sien Punt 7 op die agenda /** ***Refer item 7 on the agenda***

**6. Nuwe Sake / New Business**

**a. PORTEFEULJES – VERSLAE/ PORTFOLIO REPORTS**

**i. PRESIDENTS VERLSAG / PRESIDENT'S REPORT** – AJ van Rijswijk

Met my verkiesing as Voorsitter van die Tulitelersgenootskap van SA was ek effens oorweldig, maar na aanleiding van die onderstaande vers het ek dit in groot afhanklikheid van God aanvaar: " Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."

Eerstens wil ek net almal bedank vir die vertroue wat u in my gestel het om as Voorsitter van die Tulitelersgenootskap van SA op te tree. Ek hoop en vertrou dat ek u nie teleurgestel het nie. Daar is 'n afrikaanse gesegde wat sê dat iemand wat weet wat hy/sy doen, 'n ou hand is. Oom Stephan en Russell is die twee ou hande wat die telersgenootskap die afgelope jare so amper sonder moeite bestuur het sonder dat ons jong manne regtig geweet het wat dit alles behels.

Ek moet sê dat dit vir my nogal 'n uitdaging was en ek glo ook dat elke uitdaging my gehelp het om te leer. Nogmals dankie aan al die persone wat altyd bereid was om raad en bystand te bied.

Ook aan die bestuur wil ek dankie sê vir julle bydraes en dat ons alle besprekings in die belang van die Tuli's kon behartig. Daar is wel punte waarop ons binne die bestuur verskil het, maar dit is met 'n goeie gees hanteer. Aan die bestuurslede, baie dankie dat julle julle portefeuljes pligsgetrou bestuur het. Ek glo en vertrou dat die nuwe bestuur net so goed sal kan saamwerk.

Ongelukkig moet ek sê dat keurings maar ewig 'n tammeletjie bly. Alhoewel mnr Dave Mullins alles baie goed uiteengesit het, is daar nogsteeds probleme ervaar. Dit het in 'n groot mate te doen met die feit dat meeste van die keurders betrokke is by 'n boerdery/werk wat verhoed dat keurings nie altyd uitwerk soos ons dit wil hê nie.

Graag wil ek ook net noem dat ons dank ook gaan aan mnr Stefan van Wyk, wat 'n groot deel van ons keuring deur die loop van die jaar behartig het. Ek hoop en vertrou dat ons hierdie jaar die keurings sonder enige probleme binne tyd sal kan afhandel.

Ek wil ook aan Albie, Anel, Cornelis en Nonnie Rautenbach baie dankie sê vir 'n puik boeredag wat julle gereël en aangebied het. Hoop ons sal in die volgende jaar meer van hierdie bemarking gebruik maak en sodoende meer lede en telers werf.

Chris Hobson, dankie vir jou harde werk met die bemarking van die afgelope jaar. Ek dink alles het baie goed gegaan en glo dat die volgende jaar makliker sal wees.

Nampo 2011 was weer ‘n reuse sukses. Dankie aan Alwyn Marx vir die reël van Nampo. Min van ons weet werklik hoeveel reëlings en organisasie daar ingaan. Ek wil tog ‘n beroep op alle lede doen om te kom help met Nampo 2012. Dit is regtig ‘n baie groot werk en baie uitputtend vir die paar persone wat dit elke jaar alleen behartig.

Tannie Carmen, ek hoop dat jy nou skielik te veel tyd op hande gaan hê na die lang gesukkel om al die Zimbabwe diere met ons diere te koppel. Ek wil net sê BAIE DANKIE aan Carmen Welz, die dryfkrag agter die lang projek. Dankie vir tannie se volharding en deursettings-vermoë. Dankie ook aan al die SA Stamboekpersoneel en LNR vir al die bystand en hulp in hierdie verband. Spesiale dank aan Dina Victor en Herman Labuschagne. Dit maak ‘n reuse verskil aan die teelwaardes van die Tuli’s.

Baie dankie aan mnr Chris Els met bystand van die Sekretariaat. Baie dankie ook aan Liezel wat so ‘n flink diens lewer by die kantoor. Ek moet sê, met so ‘n knap sekretaresse het dit baie van ons probleme en uitdagings vergemaklik. Baie dankie aan Ivonne van Tonder se jarelange goeie diens. Ons waardeer dit opreg. Welkom aan Marietjie Campbell wat nou ons registrasie en prestasietoetse behartig. Hoop ons sal lekker kan saamwerk.

Ek wil die volgende onder die aandag van die lede bring: Na lang besprekings met die LNR en geen reaksie van hulle kant af nie, het SA Stamboek hulle eie prestasietoetskema gestig, nl. LAR. Aangesien mnr Russell Clark deel was van die samesprekings, het ons van die begin af ons ondersteuning aan SA Stamboek toegesê. Dit is dan net vanselfsprekend dat, toe SA Stamboek en LNR se paaie skei, ons, die Tulitelersgenootskap van SA, ons volle ondersteuning aan SA Stamboek toegeskryf het. Dit het tot gevolg dat alle prestasie toetsing vir die Tulitelersgenootskap deur SA Stamboek behartig sal word en nie meer deur die LNR nie. Alle data sal dus aan SA Stamboek gestuur word om ons BLUP-waardes korrek en akkuraat as moontlik te hou.

Dit is ook waarom ek voel dat ons die Tuli-bees tot die beste van ons vermoë moet bestuur en sodoende ons regmatige stempel op die SA Beesbedryf moet afdruk. Dit het tot gevolg dat ons altyd moet werk aan nuwe mikpunte en uitdagings en dat ons alle hulpmiddels tot ons beskikking moet gebruik om die Tuli-ras te bevorder. Dit is met dié gedagte wat ons as bestuur besluit het om rasstandaarde te verbeter en prestasietoetsing vanaf 1 Julie 2013, verpligtend te maak.

Ek glo en vertrou dat die Tulitelersgenootskap van SA in die volgende jaar van krag tot krag sal gaan en dat die goeie samewerking en gees sal voortduur tot almal se voordeel.

**ii. TESOURIERS VERSLAG / TREASURER’S REPORT** – Russell Clark

Mnr Clark noem dat die Genootskap ‘n verlies van R50 785-00 vir die jaar 2010/2011 het. Hy noem dat die inspeksie koste hoër was as wat begroot is en soos volg opgebreek kan word:

| | |
|---|---|
| Keurings Reiskoste | R 37 878.50 |
| Reis en Verblyf/Travel & Accommodation | R 25 176.00 |
| Keurings – Akkommodasie | R 814.00 |
| Reiskoste – Kimberley Veiling | R 1 200.00 |
| Reiskoste – Nampo | R 9 650.00 |
| Nampo – Verblyf + Etes | R 174.99 |
| | R 74 898.00 |

Hy noem dat die inkomste verhoog het vanaf R236 944 na R284 301. Die uitgawes het verhoog vanaf R293 083 na R331 389-00 wat ‘n verlies van R50 785. Mnr van Niekerk doen navraag rondom die verhoging in lidmaatskapsgelde. Mnr Albie Rautenbach noem dat die verhoogte gelde eers op die 2011/2012 state sal reflekteer. Mnr Mullins sekondeer.

Mnr van Niekerk voel dat daar altyd 'n probleem gaan wees indien die Jaarvergadering so lank na die finansiële jaar gehou gaan word. Mnr Raath doen navraag of daar by die finansiële staat 'n huidiglike bankstaat aangeheg kan word. Mnr Clark noem dat dit wel gedoen kan word. Mnr Welz voel dat die datum van die Algemene Jaarvergadering vervroeg moet word. Mnr Welz doen navraag rondom die komissie betaal. Mnr van Rijswijk noem dat dit 'n Joernaal uitgawe was. Mnr Clark noem dat die state oor die algemeen goed lyk. Dr van Rooyen noem dat die Nasionale wet vereis dat 'n Algemene Jaarvergadering, binne 6 maande na die finansiële jaar gehou moet word. Mev Welz noem dat die Grondwet steeds van 9 maande melding maak. Mnr Clark stel voor dat die Raad hierna moet kyk en 'n besluit vir die toekoms moet maak (**grondwetwysiging**). Mnr Clark noem dat daar tans R264 223-17 in die geldmarkfonds is en R5 970-38 in die bank en daar gee rede tot kommer hoef te wees nie. Mnr Welz noem dat die Genootskap nie hier is om geld te maak nie, en dat die Raad die gelde moet gebruik op Bemarking.

*Mr. Clark said that the Society showed a loss of R50 785-00 for the 2010/2011 financial year. Inspection costs exceeded the budget amount and can be broken up as follow:*

| | |
|---|---|
| *Travelling- Inspections* | *R37 878.50* |
| *Travel & Accommodation* | *R25 176.00* |
| *Travel-Kimberley Sale* | *R 814.00* |
| *Travel-Nampo* | *R 9 650.00* |
| *Nampo-Accommodation & Refreshments* | *R 174.99* |
| | *R74 898.00* |

*The income increased from R236 944 to R284 301. Expenditure increased fromR293 083 to R331 389 a deficit of R50 785. Mr van Niekerk enquired re the increase in the membership fee. Mr Rautenbach advised that the increase will be reflected in the 2011/2012 statements. Mr Mullins seconded.*

*Mr van Niekerk said that it will always be a problem because of the AGM being held long after the close of the financial year. Mr Raath asked whether it would be possible to attach an update bank statement to the financial statements? Mr Clark confirmed that it would be possible. Mr Welz suggested that the date of the AGM be moved to an earlier date. Mr Welz also enquired re the commission paid. Mr van Rijswijk said that it was a journal entry. Mr Clark said that in general the statements looked good.*

*Dr van Rooyen said that according to the national act, the AGM should be held within 6 months after the end of the financial year. Mrs Welz said that the Constitution stipulated 9 months. Mr Clark suggested that Council discuss the matter and propose a Constitutional amendment. Mr Clark advised that an amount of R264 223.17 was invested in the money market account and the current bank balance was R5 970.38. Mr Welz said that the Society was not supposed to be a financial institution and therefore proposed that Council use the money for promotion and marketing.*

*iii.* **Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële State jaar einde 30 Junie 2011 / Approval of Annual Financial Statements Year end 30 June 2011**

Mnr Clark stel die goedkeuring van die finansiële state voor, mnre Biggs en Welz sekondeer.

*Mr. Clark proposed the acceptance of the financial statements, seconded by Messrs Biggs and Welz.*

**iv. Aanstel van Ouditeure/ Appointment of Auditor**

Daar word eenparig besluit dat Christi Wagenaar weer aangestel word as ouditeure en dat die oudit fooi betaal word.

*Messrs Christi Wagenaar was unanimously re-appointed as auditors for the ensuing year and that the audit fee be paid.*

**v. Verslag deur Promosie & Bemarkings komitee/**
**Report by Promotion & Marketing committee** - C Hobson

Mnr Hobson noem dat daar 'n toename in die ledetal is in 2009 vanaf 42 tot 66 in 2012. Hy noem dat die bulverkope ook goed is met 'n verhoging in die verkoopprys. Hy doen 'n beroep op lede om betrokke te wees tydens Nampo met diensbeurte, veral die lede in die Noorde. Hy noem dat die Joernaal tenders ook binnekort uitgestuur gaan word. Hy noem dat dit 'n goedkoop manier van publisiteit is en dat die lede dit moet ondersteun. Hy bedank Albie en Cornelis Rautenbach vir die Tuli inligtingsdag. Hy noem dat daar uitstekende sprekers was. Hy doen ook 'n beroep op die lede om enige inligting wat gebruik kan word in advertensies aan hom deur te gee. Mnr Welz stel voor dat advertensies nagegaan word om te verseker dat dit Tuli waardig is. Hy stel voor dat 'n opvolg advertensie in die Famers Weekly geplaas word na aanleiding van 'n artikel wat oor kommersiële Tuli's verskyn het. Mnr Biggs doen navraag rondom die aantal Joernale wat gedruk word. Mnr Hobson noem dat ongeveer 3 500 gedruk word. Hy noem ook dat indien telers ekstra joernale wil hê hulle hom moet kontak. Mnr Welz noem dat nie alle lede Joernale uitdeel nie. Mnr van Rijswijk stel voor dat lede saam met hul bespreking moet laat weet of hulle ekstra joernale wil hê al dan nie. Mev Welz stel ook voor dat diere se ID nommers onder hul fotos moet verskyn. Mnr Hobson noem dat hy dit so sal doen. Mnr van Rijswijk stel voor dat foto's vir die joernaal ook op die webblad gebruik kan word. Die lede is tevrede.
*Membership increased from 2009 to 2012 from 42 to 66. Bull sales went well also with an increase in the selling price. He asked members especially those in the North, to be involved in Nampo and assist in manning the stall. Tenders for the journal will follow soon. As this is a cheap promotion, members are urged to support the issue. He thanked Albie and Cornelius Rautenbach for organising and staging a Tuli information day. The speakers were well equipped. Breeders were requested to send him all possible advertising material. Mr Welz suggested that all advertisements be scanned to ensure that they are worthy to publish for the Tuli breed. He suggested that follow-up ads be inserted in the Farmers Weekly after the positive commercial Tuli article which was published. Mr. Biggs enquired re the number of journals to be printed. Mr. Hobson said it was anticipated to print 3 500. He asked members to advise him of the number of journals that they would require. Mr. Welz said that not all members distribute the journal. Mrs. Welz suggested that the identification of animals of which photos are published be inserted. Mr. Hobson agreed to attend thereto. Mr. van Rijswijk said that such photos could also be used on the web-page. Members were in agreement.*

**vi. Verslag deur Rasadviseurende komitee /**
**Report by Breed advisory committee** - Russell Clark

Die volgende belangrike aspekte moet ook onder die lede se aandag gebring word:
*The following important issues need to be brought to the attention of the members:*

1. ***Inspections**: Changes to the inspection process and point system, made at the Murraysburg inspector's Indaba, have had un-envisaged results. In a few instances culling faults have mistakenly been overlooked. Inspectors were cautioned against falling into this trap at the indaba held at Reitz in March 2012. A full list of codes for the various disqualifications has been compiled and must be accurately filled in on the inspection forms.*
   **Inspeksies:** Wysiging aan die inspeksie proses en puntestelsel soos tydens die Murraysburg inspekteur Indaba gemaak het sekere aspekte uit die oog verloor. In sekere gevalle is afkeur foute per abuis oorgeslaan. Tydend die Reitz Indaba van Maart 2012 is Inspekteurs gewaarsku om nie in 'n slagyster te trap nie. "n Volledige lys van prulfoute en diskwalifikasies is saamgestel en moet tydens inspeksie noukeurig en korrek op die vorms ingevul word.

*2. **Minimum Standards***

*2.1 Age first calf – maximum 39 months. No further special dispensation for winter born females up to age 45 months. You may appeal if you have an animal with a special problem. All cases will be considered on merit.*

*2.2 ICP – the maximum ICP remains at 730 days between 1st and 2nd calf but from a cow's third calf onwards her average ICP must be 630 days or less.*

**2 Minimum Standaarde**

2.1 Ouderdom eerste kalwing-maksimum 39 maande.Geen verdere toegewing of vrystelling vir Wintergebore verse tot en met 45 maande nie. U mag appelleer indien u 'n dier met 'n uitsonderlike probleem het. Alle versoeke sal op meriete behandel word.

2.2 TKP- Die maksimum TKP bly 730 dae tussen 1ste en 2de kalwings, maar vanaf die 3de en daaropvolgende kalwers moet die gemiddelde periode nie nie 630 oorskry nie.

**3.** ***Compulsory Performance Testing*** *– it will come into effect for animals born in 2013. This was already decided at the previous AGM. This means that after 1 July 2015, performance data will be required for an animal to be inspected. D**o not wait until 2013 to join the scheme.***

**3. Verpligte Prestasietoetsing** – hierdie tree in werking op diere gebore in 2013. Hierdie besluit is reeds tydens die vorige AJV geneem. Dit wil sê na 1 Julie 2015 sal prestasie gegewens 'n voorvereiste vir registrasie wees. **Moet dus nie wag tot 2013 om te registreer vir prestasie toetsing nie.**

**vii. Verslag deur Grondwet komitee/**
**Report by Constitutional committee - ** A Rautenbach

Mnr Rautenbach noem dat die Afrikaanse Grondwet outentiek is. Die Engelse variasie is net 'n riglyn. Hy bedank mev Welz vir inligting m.b.t. die vertaling van die Grondwet.

*Mr. Rautenbach advised that the Afrikaans version of the Constitution was the authentic version and the English translation was only a guideline to English speaking members. He thanked Mrs. Welz for the information regarding the Constitution.*

**b. Veilingsdatums / Sale Dates**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stephan Welz (Blomvlei) | - | 13/04/2012 | Dullstroom (Tonteldoos) |
| Langlyf & Nonnie Stoet | - | 05/06/2012 | Reitz |
| Midland Tuli's | - | 26/09/2012 | Cradock |
| Great Karoo Tuli's | - | 27/09/2012 | Murraysburg |
| Horseshoe Tuli's | - | 03/10/2012 | Stutterheim |
| Alpha & Omega, Alwyn Marx | - | 10/10/2012 | Burgersdorp |
| HBH Tuli's | - | 11/10/2012 | Dordrecht |
| Amelia | - | 19/10/2012 | Douglas |

Mnr Coetzer doen 'n beroep dat druk op die RPO geplaas moet word om die grens oop te kry vir Namibiese uitvoere. Dr van Rooyen noem daar reeds druk uitgeoefen word, maar dat meer druk deur Genootskappe geplaas kan word. Hy noem dat skrywes vanaf die Genootskap gerig moet word wat moontlik kan help.

*Mr. Coetzer said that urgent pressure should be put on the Red Meat Producers to assist with the opening of the border for Namibian exports. Dr. van Rooyen said that this had been done, but that Society's should also pressure the issue.*

**c. Veilingsreëls / Sale Rules –** Dave Mullins

Mnr Mullins noem dat indien telers 'n veiling onder die beskerming van die Genootskap wil hou

diere vanaf 2013 prestasie getoets sal moet wees ( Inspeksies vanaf Julie 2015). Diere moet voor ‘n veiling gekeur en “gescreen” wees. Die katalogus moet soos altyd deur SA Stamboek opgestel word. Vrugbaarheidstoetste word aanbeveel asook BM en TB toetse. Die minimum skrotum omtrek is vasgelê per gewig van dier volgens rasstandaarde. Dr van Rooyen noem dat daar ‘n defnitiewe korrelasie is tussen skrotum omtrek en semen produksie en ook met puberteit van verse en ouderdom waarop hulle kan kalf. Mnr Gouws doen navraag rondom stoetbulle wat geDNS moet wees vir veiling. Die misverstand wat oor hierdie kwessie ontstaan het ,word uit die weg geruim. Alle veiling bulle hoef nie geDNS te wees nie behalwe as hulle stoetvaars was. Mnr Welz stel voor dat alle stoetvaars nie alleen ‘n DNS profiel moet hê nie maar dat dit ook met hul eie vaars se DNS vergelyk moet word. Gesekondeer deur mnr Albie Rautenbach.
*Mr. Mullins advised that as from 2013 all animals to be sold under the auspices of the Society will have to be performance tested (Inspections as from 2015).Screening and inspection of sale animals will be a prerequisite. The Catalogue must be compiled by SA Stud Book. Fertility tests as well as TB and BM are recommended. The minimum scrotum circumference was fixed as per weight and as according to breed standards. Dr. Van Rooyen said that there was a definite correlation between scrotum circumference and the production of semen as well as puberty in heifers and age at first calving.*
*Mr.Gouws enquired re stud bulls that have to be DNA tested before they are sold. This misunderstanding was cleared. The rule is that DNA testing is not required unless such bulls were used as stud sires. Mr. Welz proposed that not only stud bulls be DNA tested but that the DNA of their sires be compared. Seconded by Mr. Albie Rautenbach.*

**d. Mosie vir Grondwetwysigings / Motion for Constitutional amendment**

**i.** Prestasie toetsing verpligtend 01/07/2013

Mnr van Rijswijk noem dat hierdie punt in die Grondwet onder punt 12.1.1 - Prestasie toetsing sal verpligtend wees vanaf 01/07/2013 geplaas sal word. Diere wat na 1 Julie 2015 aangebied word vir keuring en nie prestasie getoets is nie sal nie vir registrasie oorweeg word nie. Slegs Basis en A diere sal sonder prestasie-data vir registrasie aanvaar word.
*Performance testing compulsary as from 01/07/2013*
*Mr. Van Rijswijk said that this would be incorporated in the Constitution under item 12.1.1, Performance Testing compulsory as from 01/07/2013. No animal without performance data will qualify for registration and inspection as from 01/07/1015. Only Basic and Appendix A animals will qualify for registration without performance figures.*

## 7. BYVOEGINGS / ADDITIONS

**a.** Kommunikasie tussen Raadslede en lede – J van Rijswijk

Mnr van Rijswijk noem dat hy ‘n versoek gehad het dat die Agendas en notules op die webblad geplaas moet word. Hy noem dat die nadeel is dat al die verskillende Genootskappe dan kan sien watter besluite geneem word in die ras. Mnr Biggs stel voor dat inligting per e-pos aan lede gestuur moet word en aan diegene wat nie ‘n e-pos het nie gepos moet word. Mev Welz sekondeer. Op die web sal slegs die Raadsvergadering en boeredae datums geplaas word.
*Mr.van Rijswijk said that he was requested that Agendas and Minutes be included on the Web-page. The disadvantage would be that other Societies will then be able to see what decisions were made regarding the breed. Mr. Biggs suggested that breeders be advised of decisions made per e-mail and those who do not have access be informed in writing. Seconded by Mrs. Welz.*
Dates of Council meetings and Farmer’s days will be published on the web-*page.*

*b.* Die kwessie of die Tulitelersgenootskap van Suid-Afrika , van Mnr. Stephan van Wyk se dienste gebuik gaan maak of nie? – J van Rijswijk

Die punt is al reeds in 'n raadsvergadering bespreek waar daar besluit was om Mnr. van Wyk se diens te staak. Daar was egter lede van die raad wat gevoel het dat dit nie in die belang van die Tulitelersgenootskap is om die besluit te laat deurvoer nie. Daar is toe `n remissie opgestel teen die

bogenoemde besluit. Die onderstaande voorstelle is op die Agenda geplaas , bespreek en oopgestel vir stemming.

*Mnr Dave Mullins*
*Mnr. van Wyk nie meer keurings of bemarking vir die Tulitelersgenootskap van Suid-Afrika doen nie. Alle dienste van Mnr van Wyk moet onmiddelik gestaak word.*

*Mnr Russell Clark*
*Mnr. van Wyk voortgaan met keurings en die werwing van nuwe lede. Dit staan elke teler vry om van Mnr. Van Wyk se bemarkingsdienste en keuringsdienste gebruik te maak, maar die telers sal soos in die verlede self verantwoordelik bly vir alle koste.*

*Mnr Welz* *is of the opinion that if Mr Stefan van Wyk is allowed as outside inspector the nomination of other suitably qualified outside inspectors should also be allowed. Mnr Clark noem dat hy saamstem, solank die betrokke persone keurderskursusse bywoon.*

'n Twee derde meerderheid stemme per geslote stemming het besluit dat lede steeds soos in die verlede van mnr Stefan van Wyk se dienste gebruik kan maak indien hulle wil. Mnr Stefan van Wyk is 'n onafhanklike konsultant wat nie vir die Genootskap werk nie, lede is vry om van sy dienste gebruik te maak sou hulle wou.
*The question arose wether the Tuli Society still required the services of Mr. Stefan Van Wyk- j van Rijswijk.*
*This was discussed during a Council Meeting and council ruled that the services of Mr. Van Wyk be discontinued. Some council members thought it would not be in the interest of the Society if the decision be carried. A remittance was drawn up against the decision and the following proposals were received for inclusion on the agenda to be discussed and open for voting.*
*Mnr Dave Mullins*
*Mnr. van Wyk nie meer keurings of bemarking vir die Tulitelersgenootskap van Suid-Afrika doen nie. Alle dienste van Mnr van Wyk moet onmiddelik gestaak word.*

*Mnr Russell Clark*
*Mnr. van Wyk voortgaan met keurings en die werwing van nuwe lede. Dit staan elke teler vry om van Mnr. Van Wyk se bemarkingsdienste en keuringsdienste gebruik te maak, maar die telers sal soos in die verlede self verantwoordelik bly vir alle koste.*

*Mnr Welz* *is of the opinion that if Mr Stefan van Wyk is allowed as outside inspector.The nomination of other suitably qualified outside inspectors should also be allowed.*
*Mnr Clark noem dat hy saamstem, solank die betrokke persone keurderskursusse bywoon.*

*Discussion followed and the meeting voted per ballot. A two thirds majority voted in favour of, as in the past of using Mr. Van Wyk's services. He is an independent consultant, not employed by the Society and members were thus under no obligation and may if so desired make use of his services.*

c. *"That Senior Inspectors with 3 years' experience as active Senior Inspectors be allowed to inspect on their own." – D Mullins*
"Dat Senior Inspekteurs met 3jaar ondervinding as aktiewe Senior Inspekteurs toegelaat word op hulle eie keuring te doen" D Mullins
*Motivation*
*This change will relieve the pressure on inspectors and will allow the inspections to be done more quickly and at half the cost to the Society.*
*The other positive spin-off is that all herds needing inspection in a particular year would be seen by Society Inspectors.*

*It also means that smaller breeders would have closer and more active contact with the Society. That 2 refresher courses be held regionally each year to ensure that inspectors are up to date with any changes.*

Motivering

Die verandering sal meebring dat die druk op inspekteurs verlig sal word en keurings vinniger sal geskied teen die helfte van die koste vir die Genootskap.

'n Ander positiewe aspek is dat alle kuddes wat gedurende 'n jaar keuring wil hê die nodige kan verkry deur 'n Genootskap keurder.

Verder sal dit meebring dat kleiner telers nader en meer aktiewe kontak met die Genootsakp sal hê. Twee opknappings-kursusse sal ook elke jaar in die streke aangebied word om te verseker dat keurders op hoogte gehou sal word met veranderinge.

Mnr Welz opper 'n teenvoorstel nl. dat die teler 'n keuse mag hê of hy van een of twee keurders gebruik wil maak. Mnr Rautenbach sekondeer. Die teler het egter nie 'n keuse oor wie die keurder mag wees nie. Algemeen aanvaar.

*Mr Welz raised a counter proposal i.e. that a breeder may choose wether he requires the services of one or two inspectors. Seconded by Mr. Rautenbach. Unanamously approved.*

*d.* *Resolution : That all Tuli inspections in future be organised, planned and followed up by the Tuli Society secretary who will be supported by an Inspection committee consisting of three Council members who will give the necessary guidance and solve any problems which may occur from time to time – RT Clark*

Mnr Cook sekondeer. Keuring sal voortaan deur die kantoor en keuringskomitee bestuur word.

Besluit: Dat in die toekoms all Tuli keurings georganiseer, beplan en opgevolg sal word deur die Tuli- sekretaresse, ondersteun deur 'n keurderskomitee bestaande uit drie Raadslede wie die nodige leiding, raad en probleemoplossings wat van tyd tot tyd mag ontstaan sal hanteer.

**e.** Moet nie-lede van die Genootskap toegelaat word om keurings te doen en indien wel, onder watter voorwaardes – S Welz

Mev Welz noem dat hierdie punt reeds gedeeltelik onder punt 7.2 bespreek is. Mnr Welz noem dat indien kommissie vanaf die koper of verkoper ontvang word, dit geopenbaar moet word, aangesien die wet dit vereis.

Mnr Welz noem dat mnre Paul Goodman en Phil Rogers, stigterslede van die Tuli Genootskap in Zimbabwe met plesier keuring in SA sal kom doen en goeie voorbeelde is van ander buite inspekteurs soos gemeld in 7.2. Hy noem dat dit die Genootskap sal betaal om hulle te kry om keuring te doen. Hy stel voor dat 'n inspekteurskursus gedoen word terwyl hulle dan hier is. Mnr van Rijswijk noem dat die Raad hierna sal kyk.

*May non-members of the Society be allowed to do inspections and if so under what conditions- S Welz*

*Mrs. Welz mentioned that this was partially diascussed under item 7.2. Mr Welz said that when commission is received from a seller or buyer, it has to be disclosed.*

*Mr Welz said that Messrs. Paul Goodman and Phil Rogers, founder members of the Tuli Society in Zimbabwe, would gladly assist with inspections in South Africa and are food examples of outside inspectors as referred to in 7.2. He said that it would be to the benefit of the Society to contact these gentlemen to assist with inspections. He suggested that an inspector's course be organised when these gentlemen are here.*

*Mr. Van Rijswijk said that the request would be referred to Council.*

**f.** Lede met minder as 10 beeste – stemreg of nie – Bossie Coetzer

Mnr Coetzer motiveer die punt. Volgens hom kan buitestaanders met bybedoelings aansluit en dan met slegs 1 of 2 beeste stemreg kry wat die Genootskap negatief kan beïnvloed. Hy stel voor dat lede wat na 27 Maart 2012 aansluit by die Genooskap met minder as 10 diere, nie stemreg mag hê nie. Mnr Gouws sekondeer. Mev Welz noem dat **dit nie net 'n besluit kan wees nie maar dat die Grondwet gewysig sal moet word aangesien dit tans slegs vereis dat 'n lid aktief moet wees om stemreg te hê ( en dus ten minste elke 2de jaar 'n kalf aanteken).**

*Members with less than 10 animals- voting power or not- Bossie Coetzer*

*Mr Coetzer motivated his proposal. According to him it is possible for an outsider with ulterior motives to join the Society and with one or two animals in his possession acuire voting power and have a negative influence on the Society. He proposed that members joining the Society after 27 March 2013, with less than 10 animals, have no voting powers. Mr Gouws seconded the proposal. Mrs. Welz said that the proposal could not be carried as it had to be a Constitutional amendment. Presently the Constitution stipulates that a member must be an active breeder to qualify to vote, thus able to record a calf every 2nd year.*

## 8. Verkiesing van Raadslede / Election of Council Members

Mnr AJ van Risjwijk word herverkies as Voorsitter. Mnr Alwyn Marx word herverkies as Vise-Voorsitter. Die volgende Raadslede word herverkies: Mnre Dave Mullins, Albie Rautenbach, Cornelis Rautenbach, and Chris Hobson. Mnr Russel Clark besluit om uit te tree en Werner Gouws word in sy plek verkies. Mnr Bossie Coetzer word weer benoem as die Namibiese verteenwoordiger.

Mr*. AJ van Rijswijk was re-elected as President with Mr. Alwyn Marx as Vice-President. The following Council members were re-elected: Messrs. Dave Mullins, Albie Rautenbach, Cornelis Rautenbach, and Chris Hobson. Mr Russel Clark was not available for re-election and Werner Gouws was elected to fill the vacancy. Mr.Bossie Coetzer was re-appointed as the Namibian representative.*

## *9.* Benoeming van SA Stamboek Verteenwoordiger / Appointment of SA Studbook representative

Mnr AJ van Rijswijk word benoem as SA Stamboek verteenwoordiger.

*Mr. AJ van Rijswijk was nominated as the SA Stud Book representatve.*

## 10. Datum van volgende vergadering / Date of next meeting

Die datum van die volgende Algemene Jaarvergadering sal deur die Raad aan die lede bekend gemaak word.

*Council will advise members of the date of the next AGM.*

## 11. Afsluiting / Closure

Mnr van Rijswijk bedank almal vir hulle insette. Die vergadering verdaag om 14:15.

*Mr. Van Rijswijk thanked members for their attendance and participation in discussions. The meeting adjourned at 14:15*

Geteken te/Signed at .................................. op/on ..........dag van/day van ..........................2013.

.......................................................

Voorsitter/Chairman

AJ van Rijswijk